HOMEOPATIE
HOMEOPATHY

Datum 02112026
Dr Hester Van Der Walt-Smit
Weskus Pediatrie / West Coast Paediatrics
21 Voortrekker Str, Vredenburg, 7380; tel +27 22 713 5149, www.pediater.co.za
pr 0377597, mp 0279102, sama 11741, btw 4530258856

Homeopatie [kruiemiddels] en kinders: wat die bewyse sê

Weskus Pediatrie

Baie ouers vra oor homeopatie as ’n “sagter” of “natuurliker” alternatief vir medisyne of inentings. Die idee is aantreklik: geen chemiese stowwe, geen newe-effekte en ’n stelsel wat al meer as 200 jaar bestaan. Die probleem is dat die kern van klassieke homeopatie — die potensieëring of dinamiseringsproses — **op ’n teoretiese grondslag berus wat nie deur moderne wetenskap of logika ondersteun word nie,** en dat die praktyk vir ernstige kindersiektes gevaarlik kan wees as dit as vervanging vir bewese behandeling gebruik word – en het ook reeds baie sterfgevalle, pyn en lyding meegebring.

1. Die vader en oorsprong van moderne Homeopatie

1.1. Samuel Hahnemann (1755–1843), die stigtervader van die moderne homeopatie, het geglo dat siekte ’n versteuring van die “lewenskrag” [‘n geestelike natuurwet – hy was ’n Vrymesselaar en het Jesus Christus verwerp] se rol is. Om te genees, moes die middel in ’n “geestelike” of dinamiese toestand gebring word. Dit het hy gedoen deur die stof [kruie of watookal] herhaaldelik te verdun (1:100 of selfs 1:100 000) en dan sterk te skud of te vryf. Hy het hierdie proses dynamisation of potensieëring genoem en beweer dat die meganiese bewerking die latente [geestelike] geneeskrag vrystel, selfs wanneer geen molekule van die oorspronklike stof meer oorbly nie – in der waarheid hoe minder hoe beter – en dat slegs om aan die verdunde middel te ruik reeds helend kan wees – amper soos towerkuns of bygeloof.

1.2. In sy *Organon der Heilkunst* (§269) vergelyk hy dit met die magnetisering van ’n ysterstaaf: die latente krag is “slapend” totdat dit deur wrywing geaktiveer word. Hy het eksplisiet gesê dat blote verdunning nie genoeg is nie; die skudding of wrywing is die sleutel. In hoë potensie, het hy geargumenteer, los die materie op in sy “geestelike wese”.

2. Wat die wetenskap en geskiedenis nie ondersteun nie

2.1. Daar is geen primêre bron (Hahnemann se eie geskrifte, briewe of kontemporêre getuienisse) wat aantoon dat hy die fles spesifiek teen ’n Bybel geskud het om ’n geestelike effek te verwek nie. Die praktyk was meganies: die fles is teen ’n harde, maar elastiese oppervlak (*gewoonlik ’n leergebinde boek of leer-kussing*) geslaan. Die idee dat dit “oor die Bybel” gedoen is, is ’n latere interpretasie en nie deel van sy gedokumenteerde metode nie hoewel gelees saam met die feit dat hy wel grootgeword het as Protestant en hy later ‘n Vrymesselaar geword het nie te vêrgesog is nie.

2.2. Hahnemann is as Vrymesselaar (opgeneem in 1777 in Hermannstadt en later lid van ’n losie in Leipzig, graad onbekend). Sy konsep van “geestelike” kragte pas in die denke van sy tyd en **is ontwikkel voordat bakterieë en virusse as oorsake van siektes identifiseer is** – dus was higiëne ook nog nie as essensiële deel van gesondheidsorg geag nie – hoewel hy aanbeveel het dat dokters hulle hande behoort te was.

HOMEOPATIE
HOMEOPATHY
Datum 02112026
Dr Hester Van Der Walt-Smit
Weskus Pediatrie / West Coast Paediatrics
21 Voortrekker Str, Vredenburg, 7380; tel +27 22 713 5149, www.pediater.co.za
pr 0377597, mp 0279102, sama 11741, btw 4530258856

3. Wat die bewyse vandag sê

3.1. Sistematiese oorsigte en meta-analises (die nagaan van baie studiestukke en wetenskaplike bronne -insluitend dié van die Australiese National Health and Medical Research Council en die Britse House of Commons Science and Technology Committee) *het nie getoon dat homeopatiese middels beter werk as placebo [skadelose plaasvervanger] vir enige toestand nie.* Hoë verdunnings bevat, volgens die wette van chemie, geen molekulêre hoeveelheid van die oorspronklike stof nie. Die beweerde "geestelike" of "dinamiese" krag is nie meetbaar of reproduseerbaar buite die homeopatiese 'geloofsraamwerk' nie.

3.2. Vir kinders is die risiko nie net dat die middel niks doen nie en die ouers hulle geld mors. Die groter gevaar is dat ouers bewese behandeling uitstel of vermy. Ons sien dit by inentings: *byvoorbeeld die bewering dat MMR immunisasie outisme veroorsaak, is herhaaldelik weerlê*, en die dokter wat dit oorspronklik beweer het (Andrew Wakefield), is van die Britse mediese register geskrap veral nadat duisende kinders begin sterf het aan Masels nadat mense op sy aandrang opgehou het om hulle kinders te immuniseer. Dieselfde beginsel geld vir homeopatie as dit as vervanging vir antibiotika, inentings of ander mediese sorg aangebied word.

4. Ons benadering

4.1. By Weskus Pediatrie volg ons die Suid-Afrikaanse immuniseringskedule en behandel kindersiektes volgens die beste beskikbare wetenskaplik en beproefde bewyse*. Ons respekteer ouers se reg om vrae te vra en alternatiewe te oorweeg, maar ons kan nie middels of teorieë aanbeveel wat nie deur deeglike navorsing ondersteun word nie.* As u bekommerd is oor 'n spesifieke middel of behandeling, praat gerus met ons. Ons kan die bewyse saam met u deurkyk en u help om 'n ingeligte besluit vir u kind te neem.

4.2. As u in die Woord van God glo sal dit baat om hiervan kennis te neem en na te volg – per slot van rekening is geestelike gesondheid op die ou einde alles wat tel:

4.2.1. Deuteronomium 6:1-7 "**DIT is dan die gebod, die insettinge en die verordeninge wat die HERE julle God beveel het om julle te leer, sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem; dat jy die HERE jou God kan vrees om al sy insettinge en sy gebooie wat ek jou beveel, te hou — jy en jou kind en jou kindskind al die dae van jou lewe; en dat jou dae verleng kan word. Hoor dan, Israel, en onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos die HERE die God van jou vaders jou beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. *En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*"